VERJAARSDAE : 14 TOT 20 JUNIE 2009

06/15	CHARLOTTE	MOSTERT	DF MALANLN 104	Blok 3
06/16	STEFAN	VAN WYK	KRUGERLN 140	Blok 3
06/16	MIA	VAN ROOYEN	PITTASTR 10	Blok 4
06/17	CHARNÉ	SCHOLTZ	DF MALANLN 255	Blok 1
06/18	PHILLIP	DE VILLIERS	DIANASTR 37	Blok 4
06/18	LEON	BARNARD	SMUTSLN 266	Blok 1
06/18	NOUSCHKA	BURGER	HORTULUS WS 2	Blok 1
06/19	NICHOLIZE	OPPERMAN	ERIKA WS 3	Blok 1
06/19	THERESA	SMITH	HANS STRIJDOMLN 235	Blok 1
06/20	ALET	VENTER	GLOVERLN 196B 6	Blok 4
06/20	JACO	MYBURGH	STRELITZIA WS 16	Blok 1
06/20	CORNE	ZEELIE	VAN RIEBEECKLN 278	Blok 1

Hartlik geluk aan Theresa Smith met haar 82ste verjaarsdag Vrydag 19 Junie. Mag dit vir u 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar wees met Gods rykste seën en nabyheid.

HUWELIKHERDENKING

SONDAG, 14 JUNIE

ERHARD EN HERMIEN STOLZ	SMUTSLN 224	Blok 1

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 14 Junie 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 14 JUNIE
Biddag vir Jeug en Kategese
Sakelys vir Kerkraadsvergadering

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: *Ons vervul ons funksie*)

MAANDAG 15 JUNIE

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 16 JUNIE

Vakansiedag—Jeugdag

WOENSDAG, 17 JUNIE

17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 18 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

DONDERDAG, 18 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 19 JUNIE

18:00-22:00 OppiKoffie

SONDAG, 21 JUNIE
Deurkollekte : Jeug

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Viering)
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

DINSDAG, 23 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Sektor 2 Veiligheidsvergadering

WOENSDAG, 24 JUNIE

17:00 Biduur
19:00 PARKNAVALVERGADERING
IN KONSISTORIE.

DONDERDAG, 25 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 26 JUNIE

Skole sluit

18:00: OppiKoffie (BASH"

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma w/s 5 met Pieter wat Vrydag 'n ernstige breinoperasie ondergaan (Blok 1).
2. Apie en Karen Erasmus, Theodorestraat 45 met Karen wat tuis herstel. (Blok 1).
3. Willie en Theresa Smith, Hans Srijdomln 235 met Willie wat siek in die bed is met longontsteking (Blok 1).
3. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons innige meegevoel met Elise Kritzinger en gesin met die afsterwe van Oom Japie Dinsdag 9 Junie. Mag u die Here se vertroosting en nabyheid in die dae wat kom ryklik ervaar.

Die roudiens sal vanuit Lyttelton-Oos plaasvind op Maandag, 15 Junie om 14:00

DIE GEBEDSBRIEF 19

SONDAG 14 JUNIE 2009

Liewe Gemeente

GEBED SONDER WOORDE

"I still think the prayer without words is the best - if one can really achieve it. But I now see that in trying to make it my daily bread I was counting on a greater mental and spiritual strength than I really have. To pray successfully without words one need to be "at the top of one's form". When the golden moment comes, when God enables one to really pray without words, who but a fool would reject the gift? But He does not give it day in, day out." - CS Lewis

Ontmoeting tussen mens en God. Mens voor God. Mens in aanbidding voor God. Het ons nie die impak van die moment van aanbidding verloor nie? Ek onthou vanuit my kinderdae dat mans vir elke gebed in die erediens opgestaan het uit eerbied vir die Here. Ek onthou my pa se gevoude hande aan tafel wanneer hy die tafelgebed doen - uit eerbied vir die Here.

Dalk kom ons te haastig by die lofprysing. Nie dat dit verkeerd is om die Here van harte te loof en te prys nie, maar hoe beter jou visie van God is, hoe sterker jy onder die indruk van sy grootheid en heerlikheid is, des te meer is jou lofprysing en hartservaring, 'n eerlike en opregte uiting van jou liefde vir die Here wat jou in sy voorhowe verwelkom. Het ons nie te gemeensaam met God geraak nie? Het ons denimkultuur van onbegrensde spontaneiteit nie dalk tot 'n onbedoelde oneerbiedigheid aanleiding gegee nie? Ons staan nie meer voor God op nie. Ons buig nie meer voor God nie. Ons kniel nie meer as ons bid nie. Ons word nie stil voor God nie.

Ek weet dat ons in 'n veranderde wêreld is en dat alles vinniger en meer modern en hip is. Maar hou ook in gedagte dat God, God was in Adam en Eva se tyd, in Abraham, Moses, dwarsdeur die Ou Testament tot deur die Nuwe Testament uit tot in Openbaring. God het nooit verander nie. Ja ons het nie meer nodig om so eng te wees nie en dis as gevolg van die koms van Jesus en die feit dat Hy vir ons sonde gesterf het. Jesus het ons kom vry spreek van al die moets en moenies, die Wet en die sonde. Dit beteken natuurlik nie dat ons kan maak wat ons wil nie. In teendeel dit gee ons nog meer die begeerte om reg te doen, die Wil van God te doen.

Dis ook dan in die begeerte en behoefte om God se wil te doen dat ons ook aan Hom die nodige eerbied sal toon en werklik sal soek na jou visie van God. Om elke dag in die Gees van God te wandel en daai gevoel van volheid en tevredenheid. Die enigste manier om hierdie wandeling te ervaar is om in gebed te staan, om stil te raak en sonder woorde tot God te bid. Dit neem natuurlik 'n ruk om dit reg te kry om werklik in God se teenwoordigheid te wees. Dit is 'n gawe en dit kan afgebid word. As dit God se wil is sal Hy dit vir jou gee. Glo, vertrou en bid elke dag daarvoor as dit jou begeerte is.

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik om te hoor wat lidmate sê.

Die terugvoerkaarte in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer nou 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …

Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel ...

Woordwyser e-pos dagstukkies

Ontvang daagliks in jou e-pos 'n Woordwyser dagstukkie!

Elke Woordwyser-dagstukkie is 'n wyser na die Woord toe—dit help jou om elke dag se Skrifgedeelte te verstaan deur genoeg agtergrondinligting en woordverklarings te gee. Bybelboeke word sistematies behandel.

Teken in @ R50 per jaar deur na die Oostelike Sinode se webwerf te gaan (www.sinoos.co.za) en op die tuisbladsy op die skakel by "Daaglikse e-dagstukkie" te klik of tik die volgende adres in jou internetprogram in: http://www.sinoos.co.za/e-dagstukkie

Dankie Heer dat ons kan stil raak in U teenwoordigheid. Dat ons U teenwoordigheid kan beleef en ervaar en weet dat ons nooit alleen is nie. Ons dank U vandag vir elke gebed wat U verhoor het. Vir elke gebed waarna U geluister het. Dankie Heer ook vir al die wonderlike dinge wat gebeur in ons gemeente en dat alle beplannings wat ons doen tot eer en verheerlike van U Naam is. Ons bid vir elke gemeentelid, Heer, dat hulle behoeftes vervul sal word, dat die wat siek is gou gesond sal word en dié wat rus soek dit by U sal vind. Dankie vir U groot seën oor ons. Dankie vir Jesus ons verlosser en dat ons elke dag meer en meer daardie groot Genade sal besef en sal weet dat ons geredde mens is, dat ons vry is en ons U kinders is.

Ons vra nie hierdie dinge omdat ons dit verdien nie maar alleen uit U groot Genade.

Amen

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Julie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

GELOOFOFFERFONDS

Hierdie fonds is geskep met die uitsluitlike doel om die aktiwiteite van die Getuienisaksie van die Gemeente te befonds. Elke lidmaat het deel aan die Getuienisaksie wat ten doel het om die gemeente se opdrag en roeping uit te voer. Die getuienistaak behels die bediening van die hele Evangelie aan die hele mens in die hele wêreld.

Die gemeente het reeds die afgelope Sondae kennis geneem van die werksaamhede van Aksie Arbeiders vir die Oes waarby ons gestuurde leraar, ds Jan van Jaarsveld, en sommige van ons gemeentelede betrokke is.

Van die belangrike aktiwiteite waarvoor die Geloofofferfonds voorsiening moet maak is die pensioen- en mediesefonds bydrae vir ons gestuurde leraar.

Verder is daar onder andere begroot vir borgskappe vir persone wat die Matlala-uitreik wil bywoon in Julie (R14 000) asook vir Helpende Hand betrokke by skuilings vir Blankes (R10 000).

‘n Beroep word op die gemeente gedoen om in die geloof weer bydraes te maak tot die fonds. Die opname sal by die diens van Sondag, 21 Junie 2009 plaasvind

MEIDIE PIENAAR

Ons deel graag met lidmate wat lank reeds in Lyttelton-Oos woon dat Meidie Pienaar—’n familielid van die Erasmusse wat oorspronklik die grondgebied hier besit het, verlede week oorlede is. Sy was 91 jaar oud en het ‘n tyd lank hier gewoon (vir lidmate wat nog Hendrik en Elsa Visser sal onthou, sal onthou dat sy in ‘n woonstel op hul erf gebly het—dit is die erf waarop die wit gebou op die hoek van Krugerlaan en Trichardtweg geleë is en nou ‘n besigheidsperseel *is).*

Sy was in die vroeë jare die Posmeesteres by Kloofsig Poskantoor en is begrawe in die familiebegraafplaas by die “SPOOKHUIS”.